Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 16

10 Mei 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Emma Gough in graad 7D en haar familie met die heengaan van haar ouma verlede week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

MOEDERSDAG (12 Mei)
Gelukkige moedersdag aan aan al ons mammas Sondag. Mag julle familie jul bederf vir al die liefde wat hulle deur die jaar ontvang.

KULTUURAAND: 15 MEI
Ons wil u aandag vestig op ons kultuuraand wat Woensdag, 15 Mei om 18:30 by die skool plaasvind. Meer inligting is vandag aan die deelnemers deurgegee.

JUFFROU SNYMAN
Mej. Snyman verlaat ons vandag na meer as 6 jaar by Laerskool Newtonpark. Sy het besluit om 'n nuwe uitdaging aan te pak en trek na Plettenbergbaai. Haar positiewe gesindheid en bereidwilligheid om altyd te help was 'n groot bate vir die skool. Ons gaan haar mis en wens haar sterkte toe met die nuwe fase van haar lewe.

JUFFROU DE LANGE
Ons is baie bly om aan te kondig dat Mej. Veronika de Lange aangestel is in die plek van Mej. Snyman. Ons wil haar hartlik verwelkom en hoop dat sy werklik gelukkig by Laerskool Newtonpark sal wees.

ONDERSTEUNERSHEMDE
Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir julle Laerskool Newtonpark ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas en dan kan ons vir u bestel.

LAATKOM VAN LEERLINGE
Ons het die afgelope tyd waargeneem dat al hoe meer leerlinge laat opdaag vir skool. Ons wil u vriendelik versoek om asseblief die leerlinge **betyds voor 07:45 by die skool af te laai**. Dit is 'n

baie belangrike lewensvaardigheid wat leerlinge moet leer om betyds vir alles te wees. Alle leerlinge wat laatkom vir skool se name sal voortaan op ‘n register aangeteken word. As ‘n leerling se naam 3 keer ‘n kwartaal in die register verskyn, sal ons verplig wees om hul name aan die departement van onderwys deur te gee vir opvolgaksies.

AFHAAL VAN LEERLINGE NA SKOOLAKTWITEITE
Ons wil ’n ernstige beroep doen op ons ouers om asseblief leerlinge so gou moontlik na skool te kom afhaal, aangesien die skool dan nie meer verantwoordelikheid vir die leerlinge kan aanvaar nie. Indien leerlinge moet wag, stel ons voor dat hulle op die stoep voor die graad 2-klasse wag. Die deel word deur ‘n kamera gemonitor en is heel veilig. Leerlinge moet nooit op ’n sypaadjie of waar hulle alleen is, wag nie.

JUNIE-EKSAMEN 2024
Die graad 7-leerlinge begin Maandag 13 Mei met hul eksamen. Die res van die grade begin amptelik Maandag 20 Mei. Die leerlinge van graad 4 tot graad 7 se werk waaroor hulle eksamen skryf, is reeds verlede week op die D6- skoolkommunikeerder geplaas. Sorg asseblief dat hulle solank hersiening begin doen. Elke toets of taak is nou belangrik en hulle sal definitief skouer aan die wiel moet sit!

Graag wil ons almal alle voorspoed met die Junie-eksamen toewens. Mag elke leerling die resultate kry wat hy/sy verdien. Indien ‘n leerling gedurende die eksamen afwesig is, **moet hulle ‘n doktersertifikaat verskaf**, anders kry hulle nul vir die vraestel wat geskryf word.

SKOOLTYE VANAF 20 – 28 MEI 2024
Neem asb. kennis dat die skool vanaf **20 tot en met 28 Mei om 13:00** sal verdaag. **Die skool sluit egter Vrydag 24 Mei die normale tyd van 12:45.** Hierdie tye is van toepassing vir graad R tot graad 7.

MNR. EN MEJ. LAERSKOOL NEWTONPARK: 12 – 13 JUNIE
Inskrywings vir Mnr. en Mej. Laerskool Newtonpark is nou oop. Alle leerlinge kan so spoedig moontlik inskryf. Leerlinge neem deel in een van vier kategorieë volgens grade. nl. gr. R, gr. 1 - 3, graad 4 – 6 en graad 7. Inskrywingsfooi beloop R50 per leerling. Verdere inligting sal aan deelnemende leerlinge deurgegee word. ***Let wel: Daar is geen bespreekte plekke beskikbaar nie. Kaartjieverkope begin op Woensdag, 15 Mei en kan direk by die kantoor aangekoop word.***

SPENSIE-PENSIE GESKENKMANDJIE FONDSINSAMELING : 3 JUNIE
Ons is opreg dankbaar vir die positiewe reaksie op die fondsinsameling tot dusver. Daar is nog tyd tot **Donderdag, 30 Mei** om u skenkings en lootjievorms by die kantoor in te handig. Ons waardeer u ondersteuning wat die dryfveer is om hierdie projek weereens uiters suksesvol te maak.

TOELATING 2025: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die Departement van Onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R en 1 in 2025 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike Facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

GESIGMASKERS
As gevolg van die erge griep wat die rondte doen, mag leerlinge weer maskers skool toe dra as die ouers so voel. Ons wil ouers aanmoedig om materiaalmaskers met die skool se wapen op, teen R30 aan te koop. Die gewone maskers wat u in die winkel koop, hou eenvoudig nie en ons kan nie bekostig om gebreekte maskers te vervang nie. Deur twee lapmaskers aan te koop kan u die probleem van gebreekte maskers oorkom. Bestellings kan per e-pos na: klere@lnpark.co.za gestuur word indien u sou belangstel.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 sal 'n 5% korting toegestaan word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Eksamengebed

(Verwerking van Psalm 23)

Die Here is my herder
waarvoor sal ek bang wees?
Hy laat my die eksamenkamer
rustig binne gaan

Hy verlig my verstand
Hy lei my in die kennis van geleerdheid
om Sy Naams ontwil.

Al kyk ek na die vraestel
en die vrae is moeilik
sal ek kalm bly,
want Hy is met my.

Die goedheid van my onderwysers
en wat hulle my geleer het,
sal vrug dra en ek sal leef
om Sy Naam te loof
tot in ewigheid.

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 13 Mei	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** **EKSAMEN :Tegnologie graad 7** Netbal : 0/8A teen Walmer-Wes **(t)** Netbal : 0/12A teen Walmer-Wes **(t)**
Di – 14 Mei	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** **EKSAMEN : KK graad 4 tot 7** Kuns graad 2 en 3: **14:00 tot 15:15** Kuns graad 4: **14:15 tot 15:30** Tennis: Senior A teen Collegiate **(w)** Tennis: Senior B teen Theodor Herzl **(w)** Tennis: Senior C teen Charlo **(t)** Tennis: Senior D teen Westering **(w)** Finansiële komitee vergadering : **17:00**
Wo – 15 Mei	:	Junior Koor: **07:30 tot 08:00** Klerewinkel: **12:00 tot 14:30** Rugby : 0/9A teen Dr. Viljoen **(t)** Rugby : 0/11A teen Dr. Viljoen **(t)** Rugby : 0/11B teen Clarendon Park **(w)** **KULTUURAAND 18:30**

Do – 16 Mei	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** **EKSAMEN : Afrikaanse Stelwerk graad 5 en 7** **EKSAMEN : Engelse Stelwerk graad 4 en 6** Netbal : 0/9A teen Walmer-Wes **(t)** Netbal : 0/10A teen Walmer-Wes **(t)** Netbal : 0/11A teen Walmer-Wes **(t)**
Vr – 17 Mei	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** **EKSAMEN : EBW graad 7**
Sa – 18 Mei	:	**Kabegapark : Bulletjies en Blommetjies 0/7 en 0/8**
So – 19 Mei	:	**Pinksterfees**

SPORT EN KULTUUR

SUMMERWOOD DERBYDAG : NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
4 Mei	0/7A	Summerwood	LNP verloor 0 – 3
4 Mei	0/7B	Summerwood	LNP speel gelykop 1 – 1
4 Mei	0/7C	Summerwood	LNP verloor 2 – 3
4 Mei	0/8A	Summerwood	LNP wen 5 – 0
4 Mei	0/8B	Summerwood	LNP wen 10 – 0
4 Mei	0/8C	Excelsior C	LNP wen 1 – 0
4 Mei	0/9A	Summerwood	LNP verloor 5 – 7
4 Mei	0/9B	Summerwood	LNP wen 2 – 1
4 Mei	0/9C	Excelsior C	LNP verloor 1 – 7
4 Mei	0/10A	Summerwood	LNP verloor 1 – 11
4 Mei	0/10B	Summerwood	LNP wen 5 – 2
4 Mei	0/10C	Excelsior B	LNP verloor 0 – 17
4 Mei	0/11A	Summerwood	LNP wen 3 – 0
4 Mei	0/11B	Summerwood	LNP wen 10 – 0
4 Mei	0/11C	Summerwood	LNP wen 1 – 0
4 Mei	0/12A	Summerwood	LNP verloor 10 – 12
4 Mei	0/12B	Summerwood	LNP verloor 1 – 9
4 Mei	0/12C	Summerwood	LNP wen 6 – 2
4 Mei	0/13A	Summerwood	LNP verloor 3 – 6
4 Mei	0/13B	Summerwood	LNP wen 7 – 3
4 Mei	0/13C	Summerwood	LNP wen 9 – 5

SUMMERWOOD DERBYDAG : RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
4 Mei	0/7	Summerwood	LNP verloor 5 – 7
4 Mei	0/8	Summerwood	LNP wen 2 – 1
4 Mei	0/9	Summerwood	LNP verloor 0 – 36
4 Mei	0/11A	Summerwood	LNP verloor 12 – 14
4 Mei	0/11B	Summerwood	LNP verloor 12 – 19
4 Mei	0/13A	Summerwood	LNP wen 19 – 14
4 Mei	0/13B	Summerwood	LNP verloor 12 – 17

SUMMERWOOD DERBYDAG : TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
3 Mei	Senior A	Summerwood	LNP wen 70 – 45

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
8 Mei	0/9A	Altona	LNP verloor 0 – 12

8 Mei	0/11A	Altona	LNP verloor 0 – 29
8 Mei	0/13A	Altona	LNP wen 37 – 0

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
7 Mei	Senior A	Herbert Hurd A	LNP wen met 22 potte
7 Mei	Senior B	Sunridgepark A	LNP verloor met 2 potte
7 Mei	Senior C	Sonop	LNP verloor met 12 potte
7 Mei	Senior D	Greenwood	LNP wen met 10 potte

SKAAK

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
3 Mei	Senior	Theodor Herzl	LNP wen 4 – 3

GIMNASTIEK

Luanré Venter in graad 3B was op 27 April genooi na die Oos-Kaapse Gymnastiek Assosiasie se toekenningsaand vir die Top 3 gimnaste op elke vlak volgens hulle puntetoekenning by die Gym Games in 2023.

Hy is aangewys as volg:

- Trampoline level 4 : 2de plek
- Double Mini Trampoline level 4 : 1ste plek

Baie geluk met hierdie uitstaande prestasie, Luanré!

RED FEATHER CHARITY RUN : 5 MEI 2024

Aaron Nortier het Sondag, 5 Mei aan die Red Feather padwedloop deelgeneem en die 5 kilometer binne 33:14 voltooi. Baie geluk, Aaron!

SOKKER

Aaron Nortier in graad 5S het op 3 Mei weer ‘n sokkerwedstryd vir die Callies Highlanders teen die Old Grey Jaguars gespeel. Hulle het 1 – 6 verloor maar hy het sy beste op die veld teen hulle baie sterk span gegee. Baie geluk, Aaron!

LANDLOOP

Iané Jukel in graad 5SW het op 16 April aan die eerste skole landloopliga deelgeneem en ‘n 1ste plek verower. Op 30 April het sy aan die tweede liga deelgeneem en ‘n 2de plek in die dogters o/11 ouderdomsgroep behaal. Baie geluk, Iané!

RADIKALE REDENAARSKOMPETISIE – EERSTE UITDUNRONDTE:

Die volgende leerlinge het almal aan die Radikale Redenaarskompetisie se eerste uitdunrondte deelgeneem en het die volgende puik prestasies verower:

Zaskia Dicks (gr. 1)	– Afrikaans poësie – A
Lara Luiters (gr. 1)	– Afrikaans poësie – A
Alana Momberg (gr. 1)	– Afrikaans poësie – A
Annabella Stoltz (gr. 1)	– Afrikaans poësie – A
Amelie Kloppers (gr. 1)	– Afrikaans poësie – A
Madelein van Vuuren (gr. 1)	– Afrikaans poësie – A
Daniel Bester (gr. 2)	– Afrikaans poësie – A
Milan Geldenhuys (gr. 2)	– Redenaarstoespraak: Afrikaans Moedertaal – A
	– Afrikaans poësie – A+
Milan van Wyk (gr. 2)	– Redenaarstoespraak: Afrikaans Moedertaal – A
	– Afrikaans poësie – A+
Isabella Bester (gr. 2)	– Afrikaans poësie – A
Jané Kuhn (gr. 2)	– Afrikaans poësie – A
Nina Kloppers (gr. 2)	– Afrikaans poësie – A
Emma Bester (gr. 4) - L02:	– Redenaarstoespraak: Afrikaans Moedertaal – A
	– Afrikaans poësie – A+
Annique du Toit (gr. 5)	– Redenaarstoespraak: Afrikaans Moedertaal – A
Jessica Smith (gr. 5)	– Redenaarstoespraak: Afrikaans Moedertaal – A
Emily Prinsloo (gr. 6)	– Redenaarstoespraak: Afrikaans Moedertaal – A
	– Afrikaans poësie – A
Lianie Barkhuizen (gr. 7)	– Afrikaans poësie – A+
Fourie le Grange (gr. 7)	– Redenaarstoespraak: Afrikaans Moedertaal – A
	– Afrikaans poësie – A+

Baie geluk – ons is baie trots op julle!